

 h a l l o .
Hoogland

23 Februarie 2020

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland



Ds. Ben Fourie van die Bybelgenootskap
Handelinge 1: 1-8 | Geroep om gestuur te word



08:30 @Hoogland

V
A
N
O
G
G
E
N
D

A
A
N
D
B
Y
E
E
N
K
O
M
S



INgesprek 18:00 @ Hoogland
Die Bybel - ontstaan en samestelling

Baie welkom by Hoogland vandag!

Program vir die dag

Besoek van die Bybelgenootskap

08:30 Oggenddiens: Ds Ben Fourie

Deurkollekte: Bybelgenootskap

Gebedsgeleentheid: nà die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk nà die oggenddiens in die Voorhuis en weer vòòr die aand - byeenkoms.

09:30 Jnr, Snr & Finale Fase GVG

18:00 Aandbyeenkoms: Ds Pieter Nel

Program vir die week

Dinsdag: 25 Februarie

14:30 Vrouebybelstudie

Woensdag: 26 Februarie

09:00 Buffelsfontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

11:15 Woord werkgroep

18:30 Aswoensdagdiens

Donderdag: 27 Februarie

18:00 *Coffee Talks*

19:00 Kerkraadsvergadering

Hoogland gaan **#Imagine** @27-29 Maart
Mentorskraal, Jeffreysbaai

As jy tussen 13 & 18 jaar oud is, kry 'n inskrywingsvorm by jou GVG Mentor of by Tannie Leandra & Ds Thania en kom kamp saam!

#imagine

Hier leer jy meer van God en hoe om 'n verskil te maak in jou wêreld, ontmoet jy nuwe mense en het hope pret saam met vriende!

Jongmense

"SAVE
THIS
DATE"

Laaste dag vir bestellings is eerskomende
Vrydag,
28 Februarie



HAMBURGER - KUIERAAND

Vrydag, 6 Maart vanaf 17:30—19:30

Aansit - Kuieraand of Wegneemetes

Hamburger & Skyfies R30

SLEGS Hamburger R20 of SLEGS Skyfies R10

Kaartjies beskikbaar by die Kerkkantoor of by
Tommy Vermeulen 041 364 1873 / 083 290 0528!



'n Oorsig van Gewyde Musiek vanaf 1100AD tot Vandag

Hildegard von Bingen tot John Tavener

Aanbieder: Prof. Albrecht Herholdt
Datum: 1 Maart om 18:00 by Hoogland

Spesiale Aandbyeenkoms

Volgende Sondag,

1 Maart is die eerste van drie spesiale Aandbyeenkomste waar Hoogland gaan kyk na 'n kort oorsig oor gewyde musiek in Lydenstyd.

Moenie hierdie spesiale geleentheid misloop nie!

Eerskomende Woensdag, 26 Februarie, Aswoensdag, is die begin van Lydenstyd in die kerkjaar.

Kom wees deel van 'n baie spesiale Nagmaalsgeleentheid.



Aswoensdag Nagmaal

26 Februarie | 18:30 @Hoogland

Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.
Romeine 6:8

Uit die hart ... vir Lydenstyd

Lydenstyd begin met Aswoensdag (26 Februarie). Die **oorsprong** van lydenstyd is te vinde in die oud-kerklike gebruik om die doop aan nuut-bekeerde lidmate een maal per jaar te bedien tydens die Opstandingsfees. 'n Tydperk van 40 dae (met verwysing na die tyd wat Jesus in die woestyn was voor Sy openbare bediening begin het) is gewy aan die voorbereiding en onderrig van voornemende dopelinge.

Met verloop van tyd is hierdie 40 dae tydperk deur almal gebruik as 'n tyd van self-ondersoek, inkeer, besinning en hernieuwe toewyding. In hierdie verband staan **Romeine 6:8** uit: "Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe."

vervolg...

Teen hierdie agtergrond verstaan ons dat Lydenstyd in die kerk 'n tyd is om die **basiese bewegings** van Jesus se lewe op aarde, in te oefen vir ons lewe voor die aangesig van God. Een geloofsgewoonte / geestelike dissipline wat met groot vrug in die Lydenstyd aangewend kan word, is om te vas.

In die Bybel beteken vas om jouself van kos te weerhou vir 'n tydperk (in die Bybel wissel dit van een dag tot 40 dae). Die doel hieragter is om gefokus dan hierdie ekstra tyd in gebed en selfondersoek deur te bring. Dit het ook 'n baie sterk **dissipline-aspek**: deur te vas dissipleneer ek my liggaam om die sterkste drang van die mens, oorlewing, teen te staan deur nie te eet nie. Deur dit te doen, ontwikkel die dissipline om ook ander goed in my lewe van ontslae te raak, of aan te leer. Die argument: indien ek dit kan regkry om sy sterkste, menslike drang onder beheer te hou, kan ek my liggaam onder beheer bring en ook enige ander sonde teëstaan, óf beweging van Jesus aanleer.

Hierdie beginsels van die vas kan met bietjie **kreatiwiteit** groot vrug lewer, nie alleenlik tydens Lydenstyd nie, maar in ons lewe. Hier is 'n paar voorstelle om ons gedagtes te prikkel:

- kies om te vas van koffie/tee/gaskoeldrank/wyn/ens. of selfs sekere **kossoorte**. Onthou, die beginsel is nie om van iets te vas wat jy maklik sonder meer klaar-kom nie. Dit moet juis iets wees wat opgeoffer word.
- gereelde **tv-tyd** of programme soos sepies. Dink ook aan die beoefening van 'n stokperdjie wat opgeoffer word en die tyd in gebed en God se teenwoordigheid gebruik geword.
- **Selfoon en sosiale media**: so wonderlik as wat dit is, neem ons selfone soms baie tyd van die dag in beslag.
- Vas het dikwels ook saam met die gee van **aalmoese** gegaan: miskien kan jy vir die Lydenstyd besluit om ook elke dag iets te weg te gee.

Die volgende HH sal verdere kernsake rondom die vas en inrigting daarvan bevat. Dink solank en praat met die Here in gebed oor hierdie dissipline vir Lydenstyd 2020. Mag die Here jou seën in hierdie Lydenstyd.

Di Pieter & Thania